# Hoofstuk 1
# Oriëntering en probleemstelling

## 1.1 Oriëntering

Bolland (1896: 5) het meer as 'n eeu gelede reeds in sy bepeinsing oor die menslike toestand daarop gewys dat ons in 'n "eeuwigheid" sit waarin feitlik alles "van een beginsel der verandering is deurdrongen". Nêrens anders in God se skepping word die belangrikheid vir verandering en vernuwing beter weerspieël as juis in water nie, wat eenvoudig stagneer en verrot wanneer dit nie kan beweeg nie. Mens dink hier byvoorbeeld aan 'n riviermonding, waarvan die opening binne 'n ommesientjie toeslik en die water onbruikbaar raak sodra die gety nie meer daar kan in- en uitstoot nie. Wat ons eie liggame betref (wat natuurlik sélf uit sowat 75% water bestaan), staan die meeste mense gewoonlik verstom wanneer hulle verneem dat, selfs op sellulêre vlak, die menslike liggaam se vermoë om homself te regenereer só onstuitbaar is dat ons liggame om en by elke tien jaar volledig, selfs tot in die murg van ons gebeente, hernuwe word (aldus navorsing wat gedoen is aan die Karolinska Institute in Stockholm, soos in 'n berig weergegee in die *Science & Technology*-bylae van die *New York Times* in die artikel *Your Body (Most of It) Is Younger Than You Think*, deur Jonas Frisen (soos aangehaal in *Sunday Times* van 28 Augustus 2005, p. 6).

Die gedagte wat onwillekeurig by 'n mens opkom, is hoeveel te méér die mens dan nie elke dag na gees en siel behoort te vernuwe nie! Kortom gestel, dit is inderdaad só dat (soos die ou gesegde lui) die énigste **konstante** juis **verandering** is! Maar hoewel hierdie beginsel onteenseglik vir alle ondermaanse dinge geld, beteken dit steeds nie dat alle mense (lees: "lidmate" – PF) ewe geneë is om ekstrinsieke veranderinge met ope arms tegemoet te loop nie.

In sy studie getiteld *'n Nadere definiëring van en grondbeginsels vir gemeentebou* het Fanoy (2002: 37) die volgende definisie van die begrip "gemeentebou" in die lig van eksegetiese studie vanuit Efesiërs 4:1-16 voorgestel: **"Die deurlopende en planmatige toerus**

**van elke lidmaat met en vanuit die Woord van God deur toegeruste gawes sodat tot gesamentlike dienswerk in die opbou van die liggaam van Christus gekom kan word."** Dié nadere definiëring het Fanoy gedoen terwyl hy erken het dat daar wel ander Bybelse definisies vir die begrip "gemeentebou" bestaan (2002: 7). Die toets vir die definisie soos deur Fanoy geformuleer, lê egter in die praktiese uitleef daarvan deur gemeentes (lidmate) in 'n Suid-Afrikaanse bestel ná die Apartheidsera. Wat wél duidelik uit die definisie blyk, is die belangrikheid om lidmate dermate **toe te rus** dat hulle hul Kerklike dienswerk met selfvertroue binne die konteks van die nuwe Suid-Afrika kan verrig.

Suid-Afrika en sy mense het ná 1994 'n nuwe tydvak betree – 'n tydvak gekenmerk deur groot en ingrypende ekstrinsieke veranderinge, wat nóg die Kerk nóg sy lidmate onaangeraak gelaat het (Durand, 2002: 10). Dit is veral in die lig van al dié veranderinge in die breë Suid-Afrikaanse konteks dat lidmate hulself verder onderwerp en blootgestel voel aan ekstrinsieke veranderinge in die kerk of gemeente waar hulle lidmate is – die één plek wat deur vele lidmate beskou word as die laaste bastion waar hulle hulself kan verskans teen al die woelinge en ekstrinsieke veranderinge wat daagliks aan hulle opgedwing word. Die vraag wat dus ontstaan, is of lidmate waarlik op ekstrinsieke verandering in die Kerk voorbereid is en, indien nie, welke vorm, omvang, plek en prioriteit sodanige toerusting moet aan- en inneem en geniet.

Burger (1995: 9) verwys na verandering as "oorgang" en wys verder daarop dat die Kerk in Suider-Afrika voor 'n baie "langer, moeiliker en ingrypender oorgangsituasie staan" as wat baie mense mag dink of besef. Die groot saak is egter: word dié oorgang deur gemeentes as 'n probleem of eerder as 'n uitdaging gesien? Daarmee saam ontstaan die vraag of gemeentes in staat is om lidmate van die Christelike kerke wél na behore toe te rus om hierdie uitdagings skriftuurlik en skrifmatig te hanteer en tot voordeel van die Kerk en in belang van die koninkryk van God te benut.

Durand (2002: 11) wys immers daarop dat die Kerk sélf ook moet transformeer ten einde binne die veranderde en steeds veranderende Suid-Afrikaanse samelewing doelmatig te kan bly. Tydens elke sodanige transformasie behoort die Kerk egter wel sy eie agenda te hê (Durand, 2002: 13). Nóg 'n vraag wat in die onderhawige studie onder die loep geneem sal word, is dus of die Kerk (of dan meer spesifiek die gemeentes) werklik besig is om, onder meer as deel van gemeentebou-programme, die lidmate van die Christelike kerke toe te rus met die oog op blootstelling aan en hantering van ekstrinsieke veranderinge. Vind hierdie toerus dan wel plaas met as doel dat lidmate

- die ekstrinsieke veranderinge op volwasse wyse kan leer hanteer en hierin hul christelike lig kan laat skyn, met ander woorde, 'n positiewe, christelike getuienis kan laat uitstraal
- in Suid-Afrika, wat ál meer verwêrelds, steeds sout tot eer van God kan wees en sodoende enige skeeftrekkinge wat in veranderde en veranderende tye voorkom, nie alleen sal kan uitwys nie, maar ook reformatories sal kan opsom en regstel?

Wat verder nie uit die oog verloor mag word nie, is dat die Kerk in Suid-Afrika nie geïsoleerd of los staan van die Kerk in die wêreld of in die res van Afrika nie. Kerklik gesproke vind daar baie ekstrinsieke veranderinge plaas wat ook 'n invloed op die Suid-Afrikaanse Kerklike opset uitoefen. Hier kan byvoorbeeld gedink word aan wat Castells (1996: xxii) bevind het rondom die verandering in lewenstandaard en die gevolglike impak wat dit op tyd en geld het; die plek van die vrou in die samelewing, asook wêreldwye emigrasie en die gevolglike demografiese veranderinge wat dit meegebring het. Ook die werke van Friedman (2007), Walls (2002) en Jenkins (2002; 2006) (waarna daar kortliks in hoofstuk 4 gekyk sal word) lig die impak van globale verandering uit waarvan die Kerk in Suid-Afrika nie sal ontkom nie.

Daar is reeds in verskeie studies tot die slotsom geraak dat gemeentebou doelgerig behoort te wees (vergelyk o.m. Nel, 1994; Te Velde, 1992 en Fanoy, 2002). Hendriks (1992: 3-4) het in 'n

volledige studie oor gemeentebou daarop gewys dat gemeentebou onder meer werk van die Drie-enige God is waarin Hy dienswerk van gelowiges gebruik. Daarom moet gemeentebou, so wys hy in die doel van gemeentebou uit (en dit geld sekerlik elke onderdeel waaruit gemeentebou mag bestaan – PF), die verheerliking van God, asook die realisering van die eenheid van die liggaam van Christus bevorder en uitbou. Hierdie studie sal hopelik – met sy fokus op gemeentebou as instrument om lidmate toe te rus om ekstrinsieke verandering reg te bestuur – 'n verdere dimensie aan gemeentebou verleen en help om juis die saak van die eenheid van die liggaam van Christus te bevorder. Hoewel daar al in heelparty werke oor gemeentebou na ander teologiese knelpunte rondom die uitwerking van verandering verwys is (vergelyk o.m. Nel, 1994; Durand, 2002; Maxwell, 2003; Reinecke, 1999 en Anderson, 1990), het geeneen van hierdie studies (sover vasgestel kon word in navorsing met die oog op hierdie studie – PF) nog spesifiek die aangeleentheid van gemeentebou hanteer as synde 'n waardevolle instrument waarmee lidmate toegerus kan word om verandering te hanteer nie. Dit word hier verder pertinent uitgewys dat daar met die onderhawige studie gefokus gaan word op slegs 'n deel van die toerusting wat Fanoy (2002) met sy definisie vir gemeentebou beoog, naamlik die toerus van lidmate om ekstrinsieke verandering waaraan hulle blootgestel mag word, positief en tot voordeel van die Kerk en/of hul gemeente en tot eer van God te beleef en bestuur (te hanteer – PF). Die gedagte is daarom nie dat daar met hierdie studie aan die begrip "gemeentebou" 'n ander, nuwe of beperkende betekenis gegee gaan word nie, maar bloot 'n verdere dimensie, waarin veral die gemeentebouprosesse aandag sal geniet.

Dreyer (2003: 15) wys daarop dat verandering nie noodwendig 'n negatiewe uitwerking op die Kerk, 'n gemeente of 'n lidmaat hoef te hê nie. Hy maak die leser daarop bedag dat 'n kerk wat besig is om te getuig, nie in tye van verandering hoef onder te gaan nie, maar verandering eerder as 'n uitdaging moet beskou. Dit lê dus voor die hand dat gemeentes lidmate op verandering (vir die doeleindes van

die onderhawige studie word dan hoofsaaklik op ekstrinsieke verandering gefokus – PF) behoort voor te berei, sodat hulle toegerus sal wees nie alleen om ekstrinsieke verandering reg te bestuur nie, maar ook om dit tot voordeel van God se koninkryk in te span. Die waardevolste les wat lidmate in dié verband kan leer, is dat mens gewoonlik nie veel kan doen om ekstrinsieke verandering te keer nie, maar dat jy wél volle beheer het oor hoe jy daarop gaan reageer. In dié opsig sal die aangeleentheid van intrinsieke verandering en persoonlik ekstrinsieke verandering sekerlik wel 'n rol speel (wat met die begrippe "intrinsieke", "persoonlik-ekstrinsieke" en "ekstrinsieke" verandering bedoel word, word aan die einde van hoofstuk 1 kortliks onder 1.8 verduidelik – PF).

Een studie waarin die reuse-impak van politieke en sosiale veranderinge op die Kerk van die Here deeglik ondersoek is, is dié van Musembi (1999: iii) oor die politieke verandering in Kenia en die invloed daarvan op die Kerk aldaar. Hy wys in sy studie daarop dat die huidige situasie in Afrika inderdaad vra om "herlewing en geestelike ontwaking", sodat daar weer met die regte toewyding aan die Koning van die Kerk (Jesus Christus) en die Sendingopdrag aandag gegee kan word (Musembi, 1999: iii).

Maxwell (2003: 122) het ook op sy beurt heel gou in sy bediening agtergekom dat ekstrinsieke verandering nie iets is wat almal goedsmoeds aanvaar nie. Hierdie besef, naamlik dat mense oor die algemeen groot weerstand teen bykans enige vorm van ekstrinsieke verandering bied, het hom grootliks ontnugter. Sy studie en bevindinge laat nogmaals die vraag ontstaan na watter persentasie mense wat in die onderskeie dienste (ampte) van die Kerk van die Here staan, in werklikheid oor die vermoë beskik om ekstrinsieke verandering te kan hanteer, deurstaan en bestuur, veral gesien binne die raamwerk van gemeentebou, wat volgens Efesiërs 4:11-12 'n belangrike komponent van hul roeping, opdrag en taak verteenwoordig (Fanoy, 2002: 33).

Trouens, Nel (1994: 114) wys daarop dat baie "pastors en lidmate" inderdaad vir die begrip "vernuwing"/"verandering" terugdeins. Wat die rede(s) vir hierdie reaksie is, moet ter wille van 'n doelgerigte gemeentebou-strategie bepaal word. Reeds dit wat Nel hier uitwys, dui daarop dat sowel leiers as die ander lidmate van 'n gemeente bepaalde toerusting met die oog op ekstrinsieke verandering nodig mag hê. Wat hierdie studie betref, sou die vraag stellig gevra kon word of die gebrekkige toerusting tydens en vir ekstrinsieke verandering nie moontlik 'n bydraende faktor tot dié weerstand teen ekstrinsieke verandering kan wees nie. Uit die Bybel en uit ervaring in die praktyk – en inderdaad uit blote waarneming van die ganse skepping, van die heel kleinste atoom tot die heel grootste sonnestelsel – is dit maar té duidelik dat álles voortdurend verander of minstens in 'n "toestand van onvastheid" verkeer, en dat hierdie byna meedoënlose vervorming, omskakeling, vloeibaarheid, transformasie en veranderlikheid onlosmaaklik deel is van en onvoorwaardelik noodsaaklik is vir God se Raadsplan. Ter onderstreping van hierdie wekroep om verandering (ten goede) as't ware na te jaag, vestig Nel (1994: 114) ons aandag op Romeine 12:2. Dreyer (2003: 75) wys op sy beurt daarop dat geestelike leiers juis in onseker tye die inisiatief behoort te neem om toe te sien dat die Kerk steeds waarlik Kerk bly.

Gemeentebou mag egter nooit deur enige persoon binne of buite die Kerk as dekmantel gebruik word waaronder bepaalde ekstrinsieke veranderinge of persoonlike agendas deurgevoer en lidmate teen hul sin in 'n sekere rigting gemanipuleer word nie (Nel, 1994: 115). Daar moet dus immer aan die doel en wese van gemeentebou getrou gebly word (vergelyk Fanoy, 2002: 37).

## 1.2 Probleemstelling

Ekstrinsieke verandering is 'n onafwendbare realiteit en gegewe waaraan elke mens en samelewing onverpoosd blootgestel word. Daaronder moet verstaan word dat snelle verandering en voortdurende omwentelings nie maar iets is wat skielik oor die laaste paar dekades heen begin manifesteer het nie.

Veral in die Suid-Afrikaanse konteks het talle ekstrinsieke veranderinge (polities, sosiaal, ekonomies en Kerklik) die afgelope 15 jaar elke landsburger geraak – ekstrinsieke veranderinge wat na verwagting oor die volgende dekade, of selfs dekades, heen sal voortduur en moontlik selfs sal verskerp. Die vraag bly dus staan of gemeentes in staat is om hul lidmate só toe te rus dat hulle dié ekstrinsieke veranderinge, en veral dan ekstrinsieke veranderinge wat die Kerk moet teweeg bring, sal kan deurstaan en hanteer. In hierdie studie sal die klem veral op laasgenoemde aspek val, naamlik op ekstrinsieke verandering of vernuwing binne die Kerk of in 'n gemeente en of dit as onderdeel van gemeentebou nie tóg belangrik is om lidmate daartoe toe te rus nie.

'n Verdere vraag wat gevra mag word, is of gemeentes, in die lig van Efesiërs 4:13-14, geestelik ryp en volwasse genoeg is om ekstrinsieke verandering en die weerstand daarteen na behore te kan bestuur. Voorts moet daar ook bepaal word of gemeentebou as instrument kan bydra om lidmate toe te rus om ekstrinsieke verandering in die Suid-Afrikaanse konteks en op Kerklike terrein te bestuur en te hanteer. Die bedoeling is egter nie om gemeentebou met hierdie studie te verskraal of te beperk tot bloot die toerus van lidmate om ekstrinsieke verandering te hanteer nie. Die gedagte met die studie is eerder om vas te stel of dit nie van wesenlike belang sou wees om, as deel van gemeentebou en veral waar gemeentebouprosesse tot bepaalde ekstrinsieke verandering sou lei, die moontlike belangrikheid om lidmate vir sodanige veranderinge toe te rus, behoort in te sluit nie.

Die oorkoepelende probleemstelling waarmee daar dus in hierdie studie te kampe gaan wees, is die vraag na óf, en indien wel, hóé gemeentebou (bedoelende as onderdeel van gemeentebou – PF) tegelykertyd ook as instrument kan dien ter toerusting van lidmate om ekstrinsieke verandering in die Suid-Afrikaanse Kerklike konteks te kan hanteer.

Vir die doel van hierdie studie word die volgende aspekte bestudeer:

- 'n Eksegetiese studie van Romeine 12:2 en Efesiërs 4:23 word onderneem om vas te stel of verandering (hier sal die fokus val op sowel intrinsieke, ekstrinsiek persoonlike as ekstrinsieke verandering – PF) wél belangrik is en presies wát uit dié twee gedeeltes rondom verandering na vore kom. Hierbenewens word klem gelê op welke kenmerke van verandering uit gemelde twee gedeeltes blootgelê word.
- Die Bybelse riglyne wat uit 'n ondersoek aangegee kan word ten opsigte van die impak van verandering en wat verandering van die lidmate van die gemeentes in Rome en Efese geverg het.
- Die inligting wat vanuit 'n aanverwante wetenskap – en met die oog op hierdie studie is Mensbestuur as metateorie gebruik – ingewin kan word ten opsigte van die invloed en uitwerking van ekstrinsieke verandering op die mens en die samelewing, asook wat van die aanverwante wetenskap geleer kan word ten opsigte van verandering en die bestuur daarvan tot voordeel van die organisasie (waaronder "gemeentes" vir die doeleinde van hierdie studie sal tel). Verder sal bepaalde afleidings gemaak word ten opsigte van die belangrikheid daarvan om mense vir ekstrinsieke verandering toe te rus en om hulle by die proses van verandering te betrek. Behoorlike motivering word in hoofstuk 6 gegee waarom spesifiek Mensbestuur as naaswetenskap in die metateorie gebruik word.
- Hierbenewens word ondersoek ingestel na watter rol gemeentebou tans speel om lidmate gereed te maak en toe te rus om as geestelik volwasse lidmate ekstrinsieke verandering te kan hanteer en tot voordeel van God se Kerk te kan bestuur. Met die oog op hierdie onderdeel van die studie word 'n empiriese studie van beperkte omvang gedoen om tersaaklike inligting in te win.
- 'n Moontlike praktiese model word vervolgens aangebied om tydens die proses van gemeentebou ingespan te word ten einde lidmate deurlopend toe te rus vir en gemaklik te hou met die

proses van verandering in 'n kerk of gemeente. Genoemde praktiese model word as riglyn vir moontlike toepassing in sommige gemeentes aangegee. Dié model word egter geensins as voorskriftelike vereiste gestel nie. Daarmee saam word algemene riglyne aangegee wat ter voorbereiding op ekstrinsieke verandering in ag geneem behoort te word, maar ook gedurende die proses en by die deurvoer van ekstrinsieke veranderinge in die Kerk of in 'n gemeente.

## 1.3 Doelstelling en doelwitte

### 1.3.1 Doelstelling

Hierdie studie het ten doel om te bepaal in welke mate die toerus van lidmate om ekstrinsieke verandering reg te kan hanteer, waartydens intrinsieke verandering ook by lidmate na vore mag kom, as deel of onderdeel van gemeentebou in die Kerk en in gemeentes ingespan kan en moet word. Dié toerus-proses sal dan die aspek van weerstand teen ekstrinsieke verandering logies verdiskonteer. Dit behoort gedoen te word, so word met die studie beoog, sodat ekstrinsieke veranderinge en die noodsaaklikheid daarvan die regte aandag in die Kerk of gemeente kan ontvang en daar nie meer van noodsaaklike ekstrinsieke verandering weggedeins word nie.

### 1.3.2 Doelwitte

Die spesifieke doelwitte wat vir hierdie studie gestel is, is soos volg:

- Om basiese Bybelse riglyne en grondbeginsels uit Paulus se briewe aan die Romeine en die Efesiërs aan te gee en te formuleer, wat gemeentebou as instrument kan ondersteun om lidmate vir ekstrinsieke verandering toe te rus. Die eksegetiese studie word ter bereiking van dié doelwit ingespan, tesame met 'n Openbaringshistoriese studie van beperkte omvang en 'n studie van teologiese werke in die algemeen.
- Om ekstrinsieke verandering in God se Kerk en in gemeentes aan die hand van 'n aanverwante wetenskap, in dié geval Mensbestuur, te belig.

- Om die resultate te bestudeer van 'n grootse gemeentebou-inisiatief wat binne 'n enkele gemeente van stapel gestuur en ingevolge waarvan lidmate wél met die oog op bepaalde ekstrinsieke veranderinge toegerus is, asook om die impak daarvan op gemelde lidmate en gemeente te bepaal. Hierdie doelwit is by wyse van 'n gestruktureerde vraelys onder leiding van die Departement Statistiese Konsultasiedienste van die Potchefstroomse kampus van die NWU nagestreef.
- Om 'n bepaalde model daar te stel wat gemeentes moontlik as riglyn kan gebruik om lidmate toe te rus waar ekstrinsieke veranderinge oorweeg, beplan en deurgevoer moet word. Die doel met dié model is dat dit deurlopend toegepas sal word, selfs nadat die beoogde ekstrinsieke veranderinge ingevoer is. Daarmee saam sal gepoog word om riglyne aan te gee wat deur die studie blootgelê mag word en wat in die aanloop tot en by die deurvoer van ekstrinsieke verandering in die Kerk of in gemeentes in gedagte gehou kan word.

## 1.4 Sentraal-teoretiese argument

Waar die Kerk of gemeentes met die feit van ekstrinsieke veranderinge gekonfronteer word, kan gemeentebou (of dan 'n onderdeel daarvan) as hulpmiddel/instrument ingespan word om lidmate toe te rus om sulke veranderinge in die Suid-Afrikaanse konteks (en moontlik selfs in wyer verband) positief en doelgerig te hanteer en te bestuur tot eer van God en tot voordeel van sy Koninkryk en Kerk. Vir lidmate om ekstrinsieke veranderinge positief te hanteer en te verstaan, mag dit egter behels dat daar by hulle ook intrinsieke verandering mag nodig wees; iets waarvoor lidmate waarskynlik óók begeleiding en toerusting sal nodig hê.

## 1.5 Metode van ondersoek

Hierdie studie is prakties-teologies van aard. Daar word hierin aansluiting gevind by die metode wat Zerfass (1974: 166) vir die Praktiese Teologie ontwikkel het. Gemelde metode kom kortliks daarop neer dat basisteorieë uit die teologiese tradisies, metateorieë

uit onder meer die grenswetenskappe en 'n ordening van die resultate uit albei refleksievelde in 'n hermeneutiese wisselwerking met die oog op praktyk-teoretiese perspektiewe saamgesmee word. Hierbenewens sal 'n empiriese studie van beperkte omvang onderneem word om bevindinge prakties aan die basis- en metateorie te toets.

Basisteoreties word vir die doel van hierdie studie slegs gefokus op dié veld wat die begrip “gemeentebou” ingevolge Fanoy (2002) se definisie bestryk – ’n definisie wat voortgevloei het uit 'n studie wat eksegeties aan die hand van die grammaties-historiese metode onderneem is (vergelyk De Klerk en Van Rensburg, 1999: 8-26). 'n Belangrike aangeleentheid wat in laasgenoemde definisie na vore kom, is die **toerus** van lidmate. Met dié studie word 'n enkele, en waarskynlik beperkte, aspek wat onder “toerus” verstaan word, verder uitgebou. In die beantwoording van die gestelde navorsingsvrae word basisteoreties 'n eksegetiese studie van bepaalde teksverse (en dan eintlik slegs bepaalde kernwoorde in die teksverse – PF) vanuit die briewe aan Romeine en Efesiërs, asook 'n breë Openbarings-historiese studie, onderneem om vas te stel wat die vereistes vir onbewoë verandering (in hoofsaak dan ekstrinsieke verandering – PF) is, wat die uitwerking op individue was wat aan ekstrinsieke verandering blootgestel is en hoe sodanige verandering optimaal hanteer en bestuur word. Die eksegetiese bevindinge sal basisteoreties verder getoets word deur ander teksgedeeltes na te gaan waar die aangeleentheid van verandering ter sprake kom. Dieselfde diepte-eksegese soos in die geval van Romeine en Efesiërs sal nie noodwendig gevolg word nie.

Metateoreties beskou, word daar met die studie gepoog om vas te stel wat ekstrinsieke verandering is en, indien enige, watter duidelike kenmerke van verandering geïdentifiseer kan word. Hier word veral gekyk na watter impak verandering op organisasies het en watter afleidings gemaak kan word vir die daarstel van 'n proses om gemeentebou as instrument in te span om lidmate vir veranderinge op Suid-Afrikaanse Kerklike terrein (en selfs wyer) toe te rus. Hiermee

saam word 'n empiriese studie van beperkte omvang onderneem (toegespits op 'n enkele gemeente van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika) om vas te stel of dié spesifieke gemeente as deel van die gemeentebouprogram wat daar gevolg is, sy lidmate doelbewus en doelgerig vir ekstrinsieke veranderinge toegerus het, asook watter resultate gemelde toerusting moontlik opgelewer het. Laasgenoemde studie word by wyse van 'n kwalitatiewe studie aan die hand van 'n gestruktureerde vraelys onderneem.

Daar word met die empiriese studie slegs op 'n enkele stadsgemeente gefokus, aangesien 'n dieptestudie oor die impak van ekstrinsieke verandering op klein gemeentes in plattelandse gebiede reeds deur Reinecke (1999) gedoen is. Hoewel die werkwyse in gemelde studie verskil van dít wat met hierdie studie beoog word, is die inligting wat oor die impak van ekstrinsieke verandering op kleiner gemeentes ingewin is, nietemin insiggewend.

Die onderhawige studie kulmineer in 'n model en praktiese riglyne wat – danksy die wisselwerking tussen die basisteoretiese resultate en die metateoretiese gegewens, asook die bogenoemde empiriese studie – voorgehou en aangegee word oor hoe gemeentebou (of dan 'n onderdeel daarvan – PF) doelgerig deur gemeentes ingespan kan word om lidmate van Christelike Kerke toe te rus om ekstrinsieke verandering – en die weerstand daarteen – tot voordeel van die Kerk van God en tot uitbouing van sy Koninkryk te kan hanteer en bestuur. Daar word vertrou en in die vooruitsig gestel dat lidmate danksy dié toerusting selfs oor die vermoë sal beskik om ekstrinsieke veranderinge op 'n wyer vlak in die breë samelewing te kan hanteer.

## 1.6 Begrensing

Die oogmerk met die onderhawige studie is om 'n beskeie bydrae tot voordeel en ter verryking van die Praktiese Teologie te lewer. Die inligting wat danksy die basis- en metateoretiese ondersoek ingewin is, tesame met dít wat deur die empiriese studie blootgelê is, sal ingespan word om moontlik 'n nuwe dimensie aan die studieveld van gemeentebou te verleen. Gegewe die groot aantal aspekte en fasette

van gemeentebou wat egter steeds onontgonne lê, kan hierdie studie hoegenaamd geen aanspraak op volledigheid maak nie. Die bydrae wat met die studie gemaak word, is inderdaad toegespits en beperk, maar nietemin belangrik, veral met die oog op die behoud van die eenheid van die liggaam van Christus – van sy Kerk hier op aarde.

Die begrensing lê verder daarin dat slegs twee boeke in die Bybel deur middel van diepere eksegese ondersoek gaan word om inligting rondom verandering (sowel intrinsiek as ekstrinsiek) te bekom, asook dat slegs 'n oorsigtelike Openbaringshistoriese ondersoek onderneem sal word om die impak van ekstrinsieke verandering te probeer bepaal. Daarbenewens is vir die empiriese ondersoek as gevallestudie slegs die Gereformeerde Kerk Ontdekkers te Roodepoort aan die Wesrand van Gauteng gekies. Dié beperking tot slegs een gemeente vir die empiriese ondersoek is deels te wyte aan die feit dat, sover vasgestel kon word, geen soortgelyke studie nog aangepak is waarmee die resultate vergelyk kan word nie. Statisties beskou, word sekere belangrike gevolgtrekkings vir gemeentebou in sy hoedanigheid van instrument om lidmate toe te rus om ekstrinsieke veranderinge reg te bestuur en te hanteer, tóg wel vanuit die beperkte empiriese ondersoek gemaak. Grondige motivering vir die seleksie van 'n enkele gemeente, en of sodanige seleksie wetenskaplik verantwoordbaar is, word in hoofstuk 7 aangebied.

'n Verdere begrensing sou wees dat daar uitgegaan word van die veronderstelling dat ekstrinsieke verandering wesenlik deel van die hele samelewing is en dat dit derhalwe die Kerk en sy gemeentes wesenlik raak. Talle studies het reeds die lig gesien wat hierdie gegewe onderstreep en waarvoor die Kerk en gemeentes die oë eenvoudig nie meer kan sluit nie. Daar sal om dié rede nie ondersoek ingestel word na hoe omvangryk verandering in sy geheel 'n werklikheid is nie, veral aangesien daar oor dié aangeleentheid vele volledige studies reeds die lig gesien het en steeds meer studies daaroor die lig sien, nie net in Suid-Afrika nie, maar ook wêreldwyd.

## 1.7 Hoofstukindeling

Vervolgens die sentrale gedagtes waarvolgens die studie in hoofstukke verdeel is:

- Hoofstuk 1 – Verantwoording.
- Hoofstuk 2 – Definisie van sleutelbegrippe vir die doeleinde van die onderhawige studie.
- Hoofstuk 3 – Breë oorsig oor redes vir die wekroep tot verandering in die briewe aan die Romeine en Efesiërs, asook 'n kort Openbaringshistoriese ondersoek na verandering in die Bybel as geheel gesien. Gemelde ondersoek sal hoofsaaklik fokus op bepaalde Bybelse figure wat in 'n hoë mate aan ekstrinsieke verandering blootgestel was.
- Hoofstuk 4 – 'n Oorsigtelike studie van teologiese werke rondom die eeue-oue wekroep tot ekstrinsieke verandering.
- Hoofstuk 5 – Basiese grondbeginsels, saamgevat vanuit die basisteorie, wat nagevolg moet word wanneer 'n moontlike model ter voorbereiding op ekstrinsieke verandering aan lidmate voorgehou word.
- Hoofstuk 6 – Die hantering van ekstrinsieke verandering in Mensbestuur-konteks.
- Hoofstuk 7 – 'n Ontleding en bespreking van die vernaamste navorsingsbevindinge.
- Hoofstuk 8 – 'n Model/Program voorgehou vanuit 'n sintese van die basis-, meta- en praktykteorie om lidmate toe te rus om verandering reg te hanteer.
- Hoofstuk 9 – Finale samevattende gevolgtrekkings.

## 1.8 Kernbegrippe en hul betekenis

Vervolgens 'n verduideliking van bepaalde kernbegrippe wat in die studie gebruik gaan word. Dié verduidelikings word enersyds aangebied omdat daar moontlik wel ander betekeniswaardes aan gemelde begrippe geheg sou kon word en andersyds omdat dit moontlike verwarring sal help voorkom.

### 1.8.1 Die begrippe "kerk" en "Kerk"

Onder die begrip "Kerk" (wat deurgaans met 'n hoofletter geskryf sal word – PF) word verstaan die Kerk wat alle gelowiges van alle tye omvat en wat volgens die Bybel as die "liggaam van Jesus Christus" omskryf word. Wanneer die begrip in die onderhawige studie gebruik word, verwys dit dus nie bloot na 'n bepaalde denominasie nie, maar na die Kerk in totaliteit. Die begrip "kerk", daarenteen, sal uitruilbaar met die begrip "gemeente" gebruik word en sal deurgaans met 'n kleinletter geskryf word.

### 1.8.2 Die begrip "lidmaat"

Onder die begrip "lidmaat" word verstaan elke persoon wat deel is van die Kerk of dan meer spesifiek van 'n plaaslike gemeente. Die bedoeling van die studie is verder nie om onderskeid te tref tussen sogenaamde "meelewende lidmate" of mense wat bloot iewers op 'n lidmaatregister aangedui word nie.

### 1.8.3 Die begrip "Bybel"

Met die begrip "Bybel" word in die onderhawige studie na die 1983 Afrikaanse vertaling verwys, wat dan die volle 66 boeke omvat. Indien enige ander Afrikaanse vertaling egter in die studie ter sprake kom, sal dit dienooreenkomstig gespesifiseer word (sien asseblief die **Lys van geraadpleegde werke** vir besonderhede van ander uitgawes).

### 1.8.4 Die begrip "verandering"

Soos hierbo in die metodologie aangedui is, verteenwoordig die groter begrip "verandering" 'n meerkantige begrip, en word daar uiteindelik twee verstaansmoontlikhede van dié begrip in die studie onderskei. Aan die een kant is daar die aspek van "intrinsieke verandering", wat lidmate moontlik sal ondergaan en wat dan in 'n gepaste leefwyse en optrede in die wêreld behoort te kulmineer. Intrinsieke verandering is daarom eers volledig bereik wanneer die lidmaat se lewensoptrede en gedrag die denkeverandering verteenwoordig. Met die tweede deel van verandering, word "ekstrinsieke veranderinge" bedoel, wat dié veranderinge veronderstel waarvoor lidmate op verskillende vlakke,

soos polities, ekonomies en ook kerklik, te staan kom. Daar sal egter deurlopend in die studie aangedui word watter tipe verandering ter sprake is (met ander woorde, hetsy intrinsiek of ekstrinsiek en, waar dit mag voorkom, 'n kombinasie hiervan).

### 1.8.5 Die begrip "toerus"

Die begrip "toerus", soos dit in hierdie studie gebruik word, word in hoofstuk 2 onder punt 2.3 nader omskryf. Dié fyner onderskeiding word gemaak in die lig van die feit dat daar in die Bybel verskillende nuanses aan dié begrip verleen word.

### 1.8.6 Die begrip "hanteer"

Verandering, so sal dit hopelik uit die studie duidelik word, het in mindere of meerdere mate 'n impak op mense.. Dit kan daartoe lei dat hulle weerstand daarteen het of dit baie negatief beleef en daaroor opstandige raak. Wanneer van "hanteer" gepraat word, gaan dit daaroor dat persone (lidmate) gehelp word om dit reg te verstaan, dit reg in te sien en dit só te benader dat dit hulle nie negatief beïnvloed nie en dat hulle daarby sal inpas en aanpas en dit tot voordeel van die Kerk en Koninkryk van die Here sal bestuur en benut. Dit kom daarop neer dat hulle positief op verandering sal reageer en dit positief sal kan benut en bestuur.

### 1.8.7 Die begrip "inisieer"

Waar die frase "verandering *inisieer*" gebruik word, het dit in hoofsaak die bedoeling dat persone met die gedagte van vernuwing of verandering na vore kom en inisiatief neem om dit deurgevoer te kry. Dit kan persone in 'n posisie van leierskap wees of gewone mense wat deel van die Kerk of gemeente uitmaak.